## **’n Vrye en Feestelike toegang na die ewige Koninkryk!**

**Maandag 20 Desember 2021**

Hierdie is DV dan die laaste oordenking wat ek vir 2021 uitstuur. My kollega ds. Maarten gaan hierdie week dan vyf oordenkings met die oog op Kersfees uitstuur. Ek sal dan DV weer in die middel Januarie begin met die oordenkings. Dankie vir die voorreg dat ek die oordenkings aan u kon stuur. Mag God alleen verheerlik word deur hierdie oordenkings.

**2 Petr 1:10,11**

**10** “Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie.
**11** En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.”

Oor vyf dae is dit Kersfees. Oor elf dae is 2021 vir altyd verby. Die tyd vlieg vinnig verby. Daarom staan daar ook in die Skrif: **Kol 4:5** “Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.” Die ’53 vertaling sê: “Koop die tyd uit!”

Ons moet elke dag voluit leef! Leef voluit tot eer van God! Want die tyd is kort en vlieg vinnig verby.

Maar ons het die voorreg gehad om twee keer per week, op Maandae en Donderdae oordenkings uit die Woord te hoor. Maar hierdie oordenkings moet nie net teorie en kennis uit die Woord bly nie. Hierdie oordenkings moet werklik ons harte aanraak omdat dit uit die Woord kom en ons leer wat God wil hê hoe ons moet lewe.

Petrus skryf aan ons dat ons ons Roeping en Verkiesing in en deur Jesus Christus moet vasmaak. Met ander woorde ons moet in biddende afhanklikheid ons beste doen, om gehoorsaam te wees aan wat die Woord vra. Ons moet onsself biddend onder die leiding van die Heilige Gees dwing om gehoorsaam te wees. Daarom dat ons Bybelstudie doen, die Woord verklaar, oordenkings uitstuur om dag na dag in kennis en vertroue toe te neem.

Dit sal ‘n wonderlike dag wees as ons in die Vryheid van God se genade deur Jesus Christus, Feestelik in die koninkryk van God kan ingaan.

Kom ons beywer ons daarom ook in hierdie feestyd, om die Blye tyding van die Evangelie uit te dra, uit te leef en met blymoedigheid God te loof en te prys.

‘n Geseënde Christusfees, Kersfees, word julle almal toegebid en mag julle ons Hemelse Vader se ryklike seëninge ervaar.

Groete in ons Here Jesus Christus.

Ds. Gerrit Kruger

*Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595: gskruger1@gmail.com*